Kingswood College

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

GRAAD 11

VRAESTEL 2

JULIE 2013

TYD: 2½ UUR

100 PUNTE

Eksaminator: Mnr. D. Koen

Moderators: Mnr. T. Scholtz
Me. M. Muller



Leeruitkomste en Assesseringstandaarde:

LU 2 (AS'e 2.1, 2.2, 2.4.), LU 3 (AS'e 3.1, 3.2, 3.3), LU 4 (AS'e 4.3, 4.4)

INSTRUKSIES

1. Hierdie vraestel bestaan uit **9** bladsye. Maak seker dat jou vraestel volledig is.
2. Lees die vraestel deur voor jy die vrae beantwoord.
3. Beantwoord alle vrae in **Afrikaans**.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. **Doen jou BEPLANNING aan die LINKERKANT van die bladsy.**
6. Trek 'n kantlyn aan die **REGTERKANT** van elke antwoordblad.
7. Nommer jou antwoorde presies soos dit op die vraestel verskyn.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Goeie taalgebruik en spelling sal in jou guns tel.
10. Sterkte en lekker skryf!

<u>Afdeling A - Letterkunde</u>
<u>Vraag 1</u> – Dialoog

<u>Let wel</u>: Onthou om jou antwoorde korrek te nommer en om **aanhalingstekens** te gebruik!

Willem van Vuuren en sy beste vriend, Schalk, deel alles met mekaar. Willem vertel altyd vir Schalk wat by die huis gebeur en watter probleme hy ondervind. Voltooi die onderstaande gesprek tussen Willem en Schalk terwyl hulle saam skool toe stap.

Willem **Schalk**

Schalk: "Goeiemôre, Willem! Ek is so bly om jou weer te sien. Wie se ou skoolskoene dra jy?"

1.1. Willem: "…" **(½)**

Schalk: "Sjoe, my ou. Dit is nie lekker nie. Ek sien jou elke middag by die parkie. Hoekom gaan jy elke middag daarheen?"

1.2. Willem: "…" **(1)**

Schalk: "Dit is baie oulik van jou! Jou sussie verjaar mos een van die dae? Watter geskenk het jy vir haar gekoop?"

1.3. Willem: "…" **(1)**

(Blaai asseblief om…)

Schalk: “Jy lyk nie juis baie entoesiasties op die rugbyveld nie. Waarom wil jou pa so graag hê dat jy en Franna rugby moet speel? Verduidelik dit asseblief vir my.”

1.4. Willem: “…” **(2)**

Schalk: “Waarom hoef jou broer, Coenie, dan nie rugby te speel nie?”

1.5. Willem: “…” **(1)**

Schalk: “Wat is die nuwe juffrou wat ek by die skool gesien het se naam? En watter vak bied sy aan?”

1.6. Willem: “…” **(2)**

Schalk: “Sy lyk nogal na ’n rowwe vrou!”

Willem: “Ja, maar sy is eintlik ’n baie aangename persoon.”

Schalk: “Wat is daardie ‘vaak vis’ in die kunsklas se naam?”

1.7. Willem: “…” **(½)**

Schalk: “Daardie spul is regtig vreemd. Hoekom het jy besluit om kuns as vak te neem?”

1.8. Willem: “…” **(2)**

Schalk: “Siestog, Willem. Ek kry jou nogal jammer. Dit is nie lekker om iets te doen waarvan jy nie hou nie. Sterkte! Hopelik gaan al jou probleme opgelos word.”

[10]

==========

(Blaai asseblief om…)

<u>Vraag 2</u> – Kontekstuele vrae

> ***Hy haal die koerantknipsel uit sy sak. "Dit", en hy waai die stukkie papier in die lug, "kan ons lewe verander, soos in major."***
>
> **(2010:54)**

2.1. Wie het die koerantknipsel uit sy sak gehaal? (1)

2.2. Wie het die koerantknipsel vir bogenoemde persoon gegee? (1)

2.3. Waarom gaan die seuns hulle pa vir die *Pa van die Jaar*-kompetisie inskryf? **Verduidelik volledig**. (2)

2.4. Watter **probleem** is daar egter met die prys wat met die kompetisie gewen kan word? (1)

2.5. Wat moet die broers doen om vir die kompetisie te kan inskryf? (1)

2.6. Waarom moet Marietjie die broers met bogenoemde taak help? Gee **TWEE** redes. (2)

2.7. Wie sal vir 'n onderhoud moet gaan indien hul pa as 'n finalis in die kompetisie gekies word? (2)

[10]

==========

(Blaai asseblief om…)

<u>Vraag 3</u> - Paragraafvraag

Skryf ’n paragraaf **(100-120 woorde)** waarin jy die *Bloubul Slaghuis* bespreek. Gebruik die punte as leiding om die vraag te beantwoord.

- Wie is die **eienaar** van die Bloubul slaghuis? (1)
- Verduidelik waarom die persoon besluit het om die slaghuis oop te maak? (1)
- Wie is verantwoordelik vir die slaghuis se administrasie? (1)
- Wie werk saam met die eienaar by die slaghuis wanneer die seuns nie daar werk nie? (1)
- Wat het met laasgenoemde persoon gebeur wat daartoe gelei het dat hy ’n vinger verloor het? (1)
- **Wie** help op Saterdae die eienaar by die slaghuis **en waarom** moet hulle hom help? (4)
- Waarom moet die slaghuis hierdie tyd van die jaar meer biltong en boerewors maak? (1)

[10]

==========

(Blaai asseblief om…)

<u>Vraag 4</u> – Paragraafvraag

Willem is baie lief vir sy oupa. Hy is beslis sy oupa sy gunsteling kleinseun aangesien hulle dieselfde name het. Sy oupa is egter baie oud en vergeetagtig. Hy vra gereeld vir Willem om hom met takies te help.

Skryf 'n paragraaf **(100-120 woorde)** waarin jy Willem se besoek aan sy oupa bespreek. Gebruik die onderstaande punte as leiding om die vraag te beantwoord.

- **Waar** woon Willem se oupa en wat is die **plek** se **naam**? (2)
- Waarmee moet Willem sy oupa gaan help? (1)
- Wat is sy oupa se vriend se naam? (1)
- Wat moet Willem vir sy oupa se vriend op die internet wys? (1)
- Wie het die rekenaar gebruik voordat Willem sy oupa met sy probleem kon help? (1)
- Wat vertel Willem se oupa vir hom oor sy pa, Hans? (2)
- Wat gee Willem se oupa vir hom aan die einde van sy besoek? (1)
- Wat gaan Willem met die geskenk wat sy oupa vir hom gegee het, doen? (1)

[10]

======

==========

(Blaai asseblief om…)

<u>Vraag 5</u> – Opstelvraag (250-300 woorde)

In die roman *Willem Poprok* speel **verhoudings** tussen gesinslede 'n prominente rol. Gebruik die onderstaande diagram en bespreek die **verhouding tussen Willem en elkeen van die onderstaande persone**. Jou antwoord moet in 'n opstelformaat aangebied word. **(Gebruik die punte as leiding.)**

Verhoudings in *Willem Poprok*

Willem se verhouding met sy **pa** is nogal gekompliseerd.

- Waarom wil Willem nie meneer Van Rensburg se brief vir sy pa gee nie? (2)
- Watter **geheim** het Willem wat hy nie met sy pa wil deel nie? (2)
- Wat moet Willem gereeld in die aande vir sy pa doen? (1)

Willem se verhouding met sy **ma** is minder gespanne.

- Watter guns moet Willem elke middag vir sy ma doen? (1)
- Wat het Willem se ma gedoen wat hom baie kwaad gemaak het? (2)
- Wat was Willem se ma se reaksie op die geskenk wat hy vir Lydia vir haar verjaarsdag gekoop het? (2)

Willem se verhouding met **Franna** is baie gespanne.

- Wat het Franna oor die familievakansie gesê wat Willem baie ontstel het? (2)
- Wat het Franna oor Willem se geskenk aan Lydia gesê? (2)

Willem kom beter oor die weg met sy broer, **Coenie**.

- Wat doen Coenie wat Willem en die res van sy gesin baie irriteer? (2)

[Inhoud: 16 + Taal & styl: 4 = 20]

<u>TOTAAL AFDELING A</u>: [60]

Afdeling B – Funksionele skryfwerk

INSTRUKSIES

1. Beantwoord **ALBEI** vrae in hierdie afdeling.
2. Elke vraag moet op 'n nuwe bladsy gedoen word.
3. Beplan jou antwoorde eers deeglik voordat jy jou finale antwoord neerskryf.
4. Skryf die vraagnommer bo-aan jou finale antwoord, bv. VRAAG 4.

5. **ASSESSERING**

Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:

- **kennis van vereistes van skryftaak**
- interpretasie van opdrag
- inhoud en idees
- register en toon
- beplanning

6. Goeie taalgebruik en spelling is ’n vereiste.
7. Skryf asseblief netjies en leesbaar.

Vraag 1 – Dagboekinskrywing

Willem is so moeg daarvoor dat almal altyd sy lewe vir hom moeilik maak.

Skryf ’n **dagboekinskrywing (50-80 woorde)** waarin jy **(as Willem)** jou gevoelens teenoor Franna en jou pa bespreek. Sê ook watter plan jy gaan bedink om nie meer rugby hoef te speel nie.

[10]

==========



==========

(Blaai asseblief om…)

<u>Vraag 2</u> – Vriendskaplike brief

Willem van Vuuren haat rugby. Hy sal alles in sy vermoë doen om nie meer rugby hoef te speel nie. Verbeel jouself jy is Willem. **Skryf 'n brief aan jou pa, Hans, waarin jy hom vertel waarom jy nie rugby wil speel nie.**

- Jou brief moet **<u>150-200 woorde</u>** lank wees.
- Jy moet die korrekte formaat vir die **Vriendskaplike brief** gebruik.
- <u>Willem se woonadres is</u>: Willem van Vuuren, Beatrixrylaan 445, Sunnyside, Pretoria, 0001.

Jou brief sal deur middel van 'n rubriek geassesseer word.

[30]

TOTAAL AFDELING B: [40]

==========

GROOTTOTAAL: [100]